



# DIE Riviertjie

JENNINGSSTRAAT 55 STRAND TEL 021 853 5991

Jaargang 14 \* Nr 148 \* SEPTEMBER 2018

FB: Lourensrivier SeMense WEB: www.lourensrivier.co.za

## LEES BINNE

Gemeentenuus	2
Woekerblad	3
Fokus op die Huwelik	4
Reseptehoekie	5
Gebedsaksie	6&7
Mosambieknuus	8&9
Kinderblad	10
Blokkiesraaisel	11
Advertensie	12



*Wil jy graag  
iets in ons  
koerantjie plaas  
of self ietsie  
skryf?*

*Bydraes vir  
Augustus moet  
Kerkkantoor  
voor 12:00 op  
Ma. 10 Sept  
bereik!*

Vir Josua het God die son laat stilstaan,  
Vir Hiskia die sonwyser 10 grade terug geskuif,  
Vir Moses 'n pad deur die see gemaak,  
Vir Jona het Hy lewendig uit 'n vis se maag gehaal,  
Vir Daniël nie laat byt deur die leeus nie,  
Vir Petrus het Hy op die water laat loop,  
Vir Saggeus het Hy uit die boom gehaal,  
Vir meer as 10 000 mense het Hy uit 5 brode en 2 vissies kos gegee,  
Vir 'n hele mensdom het Hy aan die kruis gesterf (die wat was EN dié wat nog kom)  
Dink net wat Hy vir JOU kan doen vandag & altyd as JY in Hom sal glo . . .  
~Skrywer onbekend~

- ✦ JOS 10:13 “Toe staan die son stil en bly die maan staan totdat die volk hulle gewreek het op hul vyande. Staan dit nie geskrywe in die Boek van die Opregte nie? En die son het bly staan in die middel van die hemel en het hom nie gehaas om onder te gaan nie, omtrent 'n volle dag.”
- ✦ 2 KON 20:10-11 “Hiskia sê toe: “Dit is maklik vir die skaduwee om tien trappe vorentoe te skuif. Nee, laat dit tien trappe terugkom.” Die profeet Jesaja het die Here aangeroep, en Hy het die skaduwee wat reeds teen die trap van Agas afgesak het, tien trappe laat terugskuif.”
- ✦ EKS 14:21 “Moses het sy hand oor die see uitgesteek, en die Here het daardie hele nag die water met 'n sterk oostewind weggedryf, sodat die water oopgeklouf en die see daar drooggelê is.”
- ✦ JONA 2: 1,2&10 “Toe bid Jona daar binne-in die vis tot die Here sy God. Jona het gesê: “In my nood het ek tot die Here geroep, en Hy het my gebed verhoor. Diep in die doderyk het ek hulp gevra, en U, Here, het my gehoor. Toe beveel die Here die vis, en hy het vir Jona op die vasteland uitgespoeg.”
- ✦ DAN 6:17,21&24 “Die koning moes toe die bevel gee, en Daniël is gebring en in 'n leeu-kuil gegooi. Die koning het vir Daniël gesê: “Mag jou God wat jy met soveel volharding dien, jou red.” Toe hy naby die leeu-kuil kom, het hy angstig na Daniël geroep en vir hom gevra: “Daniël, dienaar van die lewende God, was jou God wat jy met soveel volharding dien, in staat om jou van die leeus te red?” Die koning was baie bly en het beveel dat Daniël uit die leeu-kuil gehaal moes word. Toe Daniël uit die leeu-kuil gehaal is, was daar geen letsel aan hom nie, omdat hy op sy God vertrou het.”
- ✦ MATT 14:29 ““Kom!” sê Hy. Petrus het uit die skuit geklim, op die water begin loop en naby Jesus gekom.”
- ✦ LUK 19:5 “Toe Jesus by die plek kom, kyk Hy op en sê vir hom: “Saggeus, kom gou af, want Ek moet vandag in jou huis tuis gaan.””
- ✦ JOH 6:11 “Daarna het Jesus die brood geneem, God daarvoor gedank en dit uitgedeel aan die mense wat daar gesit het, en net so ook soveel van die vis as wat hulle wou hê.”
- ✦ JOHANNES 3:16 “God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.”

## LOURENSRIVIER GEMEENTE

Fontein van Hoop; Strome van Seën & Liefde; Rivier van Lewende Water (Eseg. 47)

Kol.3:11 Christus alles en in almal.



# Wat's Nuus?

HIERDIE BLADSY IS SPESIAAL OM WYKSNUUS AAN ONS GEMEENTE DEUR TE GEE. WIE VIER HUL GOUE BRUILOF? WIE HET TAGTIG OF NEGENTIG GEWORD ..... OF HONDERD? KOMAAN WORD BIETJIE MEELEWEND EN GEE BIETJIE WYKSNUUS DEUR, OF IETS KOMIES ÓF INTERESSANTS WAT GEBEUR HET ( SOMMER MET 'N FOTO BY).

## BERG 80 VERJ: SEPTEMBER 2018

**LET WEL: Ouderdom op lys is huidige ouderdom tensy verjaarsdag al verby is.**

Van Onselen	Joey	09/02	91
Van Zijl	Burrie	09/06	82
Arangies	Helena	09/09	88
Langenhoven	Hennie	09/17	83
Loxton	Anstone	09/23	81
Smith	Helene	09/23	87
Oosthuizen	Marie	09/26	87
Kotzé	André	09/29	87
Pienaar	Nico	09/29	88

## Baie liefde en seën

Ps. 91:4

Hy beskut jou onder Sy vleuels  
En is vir jou 'n veilige skuilplek  
Sy trou versterk jou aan alle kante

Lourensrivier Gemeente  
**1 SEPTEMBER 2018**  
09h00 - 14h00

**VoedselFEES met 'n BAZAAR**

*'n Fees van lag, eet, pret-hê en kuier.*  
Kosstalletjies, Pryse te wen,  
Kindervermaak & Speletjies,  
Boeresport, Kuiertent met  
"Live" musiek en vele meer.....

Lourensrivier Gemeente  
h/v Broadway & Da Gamastraat, Strand  
021-853 5991

Hier in die kantoor loop die VoedselFEESkoors hoog, so maak asb 'n knoop iewers om te onthou van die lekkerste Kuier, Klets, Kou en Kosdag in die jaar. 🎵🎵

## HIERDIE JAAR HET ONS FEES 'N BASAARHART. 🎵🎵

Dink Familie, Bazaarpoeiding, Saamwees! Jy wil nie op 'n ander plek wees nie, jy wil herinneringe skep vir jou kinders se kinders... Daar's ook weer pryse om te wen!

Talle kosstalletjies met vars gebak – grootkoek, kaaskoek, beskuit, vetkoek, roosterkoek, roosterbroodjies, hamburgers, slapchips, kleinkoekies, muffins, kolwyntjies, "moer"-koffie, basaarpoeding, pannekoek, koeldrank, tuisgemaakte lekkers, potjiekos en vele meer.

## Kaartjies by kerkkantoor beskikbaar vanaf 21 Augustus:

Potjiekos @ R50 pp  
(o.a. Wildsvleis pot, Waterblommetjie pot, Kerrie Hoenderpot, Lasagne pot, Oxtail pot)  
Boereworsrolletjie @ R20  
Hoendersosatiepot @ R20



**VIR EFT'S OF FINANSIËLE BYDRAES:**

Rekeningnaam: NGK Lourensrivier  
ABSA Bank Strand (Takkode: 334 312)  
Rekeningnommer: 420 580 231

Stuur asb bewys van inbetaling na kerkkantoor per e-pos: [fin@lourensrivier.co.za](mailto:fin@lourensrivier.co.za) of faks 021 853 8009 met verwysing (Naam & produk of voedsel fees)

Bydraes kan ook by kantoor gedoen word of d.m.v. Koevertjies (by deure in voorportale) wat in kollekesakkies geplaas kan word.

## FOKUS OP DIE HUWELIK



VIR ONS MANNE 'N MOET LEES! (OK... die vroue kan ook maar lees 😊)

Alweer die vuilgoedrom.....

So gooi ek mos nou die dag alweer nie die vuilgoedrommetjie betyds uit nie. Ek wou nog, maar wou net iets belangriker op daardie stadium doen. Ek hoor ewe skielik sy is doenig daar by die drommetjie, en weet dadelik ek moes dalk eerder my prioriteite heroorweeg het. Ek hoor iets van "julle grotmanne". Die drommetjie word ook onnodig hard hanteer, en die volgende oomblik wals mamma met n stywe ruggie deur die kombuis, sak in die hand buite toe. Ek sien ook dat die kennetjie daardie gevaarlike hoogte bereik het. Nou weet ek dat ek moet ligloop. Ek hoor myself se dat ek van plan was om dit nou net te doen, maar dit is soos petrol op die vuur. Ek dink hoeka mamma se dag was nie leke nie 😊 Ek en die ander grotmannetjie in die huis ruil kyke uit. Daai kyke wat se nou moet ons lieverste baie laag le, en net in noodgevalle praat. Mev De Ville kom weer in, en ek sien dat enige planne wat ek dalk vir later in die aand gehad het, alreeds verval het. Ons kry wel aandete, maar ek proe eers versigtig. Gelukkig proe niks snaaks nie.....

Die les: maak baie seker jy verstaan wat jou take in die huis is. Doen dit "sooner than later". Ons weet mos dat ons manne se "ek gaan nou nou" en ons vroue se "nou" nie noodwendig in dieselfde tyd sone val nie. Ons kom nog by die les oor take en rolle in die huis. Ok, gaan maak gou daai drommetjie leeg..... Dit kan dalk vir jou voordeel inhou 😊

**Hier is amper 'n soortgelyke episode.....**

My vrou hou van recycle, en "gaan groen", so ons doen ook die kompos-ding. Maar ons het nog nie 'n drom of iets buite waarin die kompos gegooi word nie. Terwyl ek nog moet beplan aan hierdie bedryf, het sy solank so 'n grys-vuilgoed- emmerige-ding gaan koop, waarin alle skille en goed gegooi word, en dan word dit in die tuin begrawe. Nou het die emmertjie die laaste paar dae weer begin vol raak, en ek, die Grotman, Leon Strauss, is alreeds so 'n paar dae gelede mooi gevra om tog weer plan te sien om die inhoud te gaan begrawe. Met my kop op ander dinge, vergeet ek van die versoek 😊. Gisteraand was daar weer 'n vriendelike versoek dat die bedryf nou al begin om 'n klankie op te tel (dit staan in die kombuis) en indien die weer dan my vandag toelaat, ek asseblief dit moet gaan begrawe. So reën dit meeste van die dag, en ek bly ook op die pad – en vergeet toe weereens van die storie. Ma kom huistoe, maar sê of "hint" ook niks in daai rigting nie. Dit is koud en reën, so sy trek haar sagte skaapwol pantoffeltjies aan en begin kosmaak. Ek sit by die tafel en is besig met 'n snylys vir houtwerk. So is sy maar op en af. Jy hoor haar nie loop nie, wat die pantoffels is sag. Die volgende oomblik verskyn sy weer in die kombuis, en iets klink anders... Ek kom nie dadelik agter wat dit is nie. En toe dring die geluid tot my deur. Die sagte voetstappe het verander in 'n "slip- slop". Ek loer oor die rand van tafel en sien toe die moeilikheid... Sy het my groen topboots aan, en werk in die rigting van die grys emmertjie. Toe slaan dit my – ek het weer vergeet. Nou kyk, sy dra 'n nommer 4 skoentjie, en ek 'n nommer 11. En gewoonlik is die boot 'n size groter. Ek probeer nog keer, maar ma is nou op 'n mission. Nou is sy op spoed agterdeur toe, en die "slip-slop" het nou van intensiteit verander en klink meer soos "slipper-slopper". Soos sy toe "slipper-slopper, slipper-slopper" verby my trek, vlieg ek agter my rekenaar op en sê ék sal. Maar niks maak nie. Dit is al pik donker buite, so ek skree agterna ek sal my koplighaer gaan haal. Met die lig is ek agterna, maar buite gekom spit sy al in die donker. Ek dog toe so by myself – sal ek, of sal ek nie. Toe vra ek maar droogweg – Mamma, moet ek vir jou lig sodat jy kan sien waar jy spit.....Die les hier is dalk op 'n ligter noot. In die verlede sou ek dalk my stert in 'n krul getrek het, maar vanaand was ek koel, kalm en berekenend. Het ek anders opgetree, was dit dalk petrol op die vuur. Maar nou kon sy nie help om te smile nie, en die aand is gered. So..... bring bietjie humor terug in die verhouding, en pas dit toe waneer jou maatjie dit die minste verwag.

Leon, die Grotman, Strauss... jou huweliksgeeroe 😊

# RESEPTEHOEKIE

WENKE WAT WERK: Maak snyborde skoon en vars deur 'n halwe suurlemoen daaroor te vryf. Laat dit so staan vir 'n halfuur en spoel dan af. Dit ruik heerlik!



DAAR WAS NAVRAE OOR DIE SMULLEKKER SOETPATATS BY DIE COUNTRY AAND, SO ONS DEEL GRAAG. 🎵

## LIESBET SE SOETPATAT

Kook gewaste patats met skil en al tot sag met klein bietjie sout.

Laat afkoel en trek skil af.

Vir vier middelmatige patats kook die volgende bestanddele saam tot suiker alles opgelos:

een koppie geelsuiker en drie eetlepels wit suiker, 2.5 ml kaneel en drie koppies water

Sny patats in skywe en pak in plat bak

Gooi stroop oor en bak in oond

NIE VIR DIABETE NIE 😊

Bak tot goudbruin



## LASAGNE (ook by Country aand bedien)

1½ kg maalvleis

2 ui fyn gesny

1 selderystingel gesny

2 knoffelhuisies gerasper

2 teelepels sout en bietjie peper

Pietersielie (vars of droog) 2 eetlepels

3 x 50gr tamatie paste

1 biefblokkie

1 (250g) lasagne velle

100g botter/margarien

100 gr/200 ml meel

5 k melk warm (2 minute/500ml in mikrogolf)

300-400g cheddarkaas gerasper

1. Kook maalvleis in klein bietjie water & 2 eetlepels olie tot los en amper gaar
2. Geur met sout en peper
3. Voeg uie en seldery by, braai verder tot los, gaar en uie deurskynend
4. Voeg knoffel by
5. Meng tamatie paste en biefblok in warm water tot 400ml volume
6. Voeg watermengsel by vleis
7. Voeg pietersielie by
8. Laat nou stadig prut vir 30 minute

Maak die witsous: neem so 30 minute

1. Smelt botter/margarien

2. Voeg die meel by en meng goed

3. Voeg warm melk koppie vir koppie by en roer goed deurentyd

4. Kook vir 20 minute en roer tussendeur

5. Voeg so ⅔ van kaas by witsous en roer goed deur

Smeer oondpan en pak laag velle op bodem.

Skep die helfte vleissous in

Skep die helfte witsous bo-oor

Pak 2de laag velle en herhaal.

NB! Laat staan vir 45 minute tot uur dat alles goed deurtrek. Gooi res van kaas bo-oor en bak vir 30 min by 180°C

## GEBEDSAKSIE: SEPTEMBER '18

### **VERNUWING**

Bid/Sing vir September elke dag Neem my lewe laat dit Heer (Lied 308)

Lees Hosea 2:13-22

Elke môre breek 'n nuwe dag aan, word al ligter tot die son opkom en die nag se donkerte wegvee.

Die nag simboliseer donkerte, maar ons Vader het egter die son gegee om lig en moed te gee vir nuwe dag en saam te styg soos die son helderder word.

Ons moed as nietige stippeltjie in die oneindigheid begeef ons dikwels en dwaal na die woestyn van eensaamheid & verlatenheid. Daar in die woestyn vind ons dan egter dat ons Vader-God 'n God van verrassings en ontferming is. Hier in die woestyn laat Hy toe dat ons Hom opnuut te ontdek om agter te kom dat dat wat vir ons belangrik is eintlik waardeloos is.

Hier praat Hy met ons en maak ons opnuut bewus van Sy allesoorheersende Liefde, vertel Hy ons dat ons in die woestyn is om ons te vernuwe, nuut te laat dink en Hom opnuut raak te sien in ons daaglikse doen en late. Om te besef dat ons begeertes vernuwe moet word dat dit nie moet gaan oor die gunste van God nie maar God self. Minder fokus op ons Baälbegeertes, minder op onself maar meer oor Hom.

God wil vernuwe, nuut maak en in die woestyn aan ons wingerd gee van hoop en nuwe geleenthede nuwe blydschap en vreugde. Die vermoë om dinge te geniet, nuut te kyk na dit rondom ons... die blare, botsels, vrugte van ons wingerd en ons in die Here te verbly.

Hy vra dat ons al ons bekommernisse vir Hom gee en Hy sal aan ons die sonskynkrag gee om nuut te kyk, nuut te dink en nuut te lewe met Sy Gees wat Hy aan ons gee.

Hier wil Hy ons opnuut verseker van Sy onbreekbare trou, herstel van eensaamheid deur genade omgetower na nuwe lewe van vrede, liefde, goedertierenheid en ontferming.

God wil aan ons nuwe gesindheid (van nuwe hart van vlees ipv hart van klip) gee deur ons denke nuut en positief te maak (Rom 12:2).

Laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Hierdie hart en denke verandering kan God alleen bewerkstellig en kan nie uit onself plaas vind nie. Nuwe gesindheid word ook gekweek deur die Gees... om God te ken in ons daaglikse besluitnemings, om dit na Sy wil te doen.

Nuwe gesindheid bring ook nuwe verhouding, nuwe toewyding om te doen wat die Here sal verheug. Hierdie nuwe verhouding kan alleen gebeur as ons die Here God lief het met ons hele hart, siel en verstand en ons naaste soos onself.

Die Here self maak met ons 'n nuwe verbond Hos 2:18-19 waar Hy belowe om in die woestyn Hom aan ons te bind met weldade, sorg, liefde en ontferming.

Dit vra egter van ons onbreekbare trou, nuwe gesindheid en nuwe verhoudings, SODAT ek en jy aan die Here toegewy sal wees, dan sal Hy vir jou sê: "jy is Myne" en jy vir Hom "my God".

Dan kan ons opnuut elke nuwe dag ingaan met lofsang "My Redder en my God" 🎵🎵



## GEBEDSONDERWERP: SEPTEMBER '18 HERE VERNUWE MY

### Week 2-8 Septemer

#### Gee my nuwe onbreekbare trou

*Ps 32:8 "Ek wil jou onderrig en jou die pad leer wat jy moet volg Ek wil jou raad gee en My oog oor jou hou"*

*Ps 43:3 "Stuur U Lig en U waarheid dat die my lei"*

Here my God U vra van my onbreekbare trou aan U maar ek is so geneig om ontrou te wees. Vader ek bid dat as lewe van onsekerheid en donkerte my bind dat U Lig en waarheid my sal lei en leer dat U U oog oor my hou. Here laat my in U bly soos die loot in die wingerdstok. U vra aan my "Bly in My, soos Ek in jou". Hemel Heer, U vra nie van my die onmoontlike nie, want U bewerk self in my die vertrou. Laat my alleen opkyk na U, U bevel gehoorsaam en deur U kragbron die genade ontvang vir nuwe onbreekbare trou om U te loof en prys. Dankie dat U aan my onbreekbare trou skenk. Dankie Jesus, dankie.

### Week 9-15 September

#### Here gee aan my nuwe gesindheid

*Esegiël 11:19 "Ek sal hulle harte verander en hulle gees nuut maak"*

*Ps 19:15 Mag wat ek sê en wat ek dink tog vir U aanneemlik wees, Here my Rots en my Verlosser"*

Vader-God dankie dat U belowe om aan my 'n nuwe gesindheid te gee en my gees nuut te maak deur U liefde vir my. Dankie Vader dat U belowe dat U dit vir my sal doen. Vul my hart met lofsingende dankbaarheid. Heiland gee aan my 'n nuwe blymoedige liefdevolle positiewe gees. Jesus Heer, laat U Liefdeskrag my hele wese vul. Gee my nuwe gesindheid van liefde en denke vir my medemens. Gee my genade om my liefde steeds meer en meer te deel sodat U daardeur verheerlik word. Here laat wat ek dink en sê die gesindheid van Jesus ook in my lewe sal uitstraal. Dankie Jesus, dankie.

### Week 16-22 September

#### Nuwe verhouding

*1 Petr. 5:7 "Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle."*

*Joh.14:1 Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God glo ook in My.*

Dankie Jesus dat in U my in 'n regte vertrouensverhouding bring met God en ook my naaste. Help my om volkome op U te vertrou vir wysheid en insig in my verhouding met U en ander rondom my. Gee aan my U liefde om sag te wees in my houding teenoor ander wie se harte ontsteld is deur kommer. Help my om U versorgende omgeeliefde oor te dra. Here gee ook aan my 'n nederige houding om nie self te wil probeer nie, maar by U en ander gelowiges hulp te soek. Gee ook aan my 'n ware omgee liefdeshouding. Dankie Here dankie dat U daar is vir my.

### Week 23-29 September.

#### Nuwe toewyding aan die Here

*Hosea 2:19 "Ek gaan My aan jou bind deur My onbreekbare trou SODAT jy aan My die Here toegewy sal wees."*

*Joh.1:16 "Uit Sy oorfloed het ons almal genade op genade ontvang"*

Jesus dankie dat U genade, liefde en vergifnis aan my betoon. Help my om met nuwe toewyding nader aan U te beweeg en met meer in verbondenheid met U te lewe deur die leiding van U Heilige Gees. Dankie Vader vir U belofte van onbreekbare trou. Laat my lewe in die oorfloed wat U aan my skenk en laat ek deur U nuut dink en lewe met U Gees wat in my hart woon. Ek wil my aan U toewy en van 'n vrugtelose woestynlewe gaan na 'n oorwinningslewe wat vrugte sal dra tot U eer en verheerliking waar ek minder en U meer word in my lewe deur Jesus my Verlosser wat in my woon. Jesus in geloof wy ek my aan U toe. Gebruik my tot U eer. Dankie Jesus, dankie.



## Gebedsbrief 6-2018 | Makwe Mission



Wat is die vinnigste ding in Mosambiek? 'n Aap wat 'n tamatie gesteel het uit jou tuin.  
Wat is die mees vasberade ding in Mosambiek? 'n Aap wat weet daar is tamaties in jou tuin en hy word aanmekaar weggejaag!

Dis altyd vir ons lekker om mense te ontvang. In die laaste tyd is dit maar beperk tot mense wat ons nie ken nie, maar hier onder ons groot mangoboombom ontmoet.

Diegene wat ons ken wat te kenne gegee het dat hulle die jaar sou besoek, het almal hulle planne verander as gevolg van vrees vir die aanvalle wat hier in die noorde se bosse plaasvind. So was hier twee Japanese.

Die man is 'n Amerikaanse Japanees en sy vrou van Japan. Hulle het begin toer nadat hulle in Januarie 2016 'n Landcruiser gekoop het van 'n toermaatskappy, wat hulle voertuie na 'n sekere tyd verkoop. Voor die aankoop het hy lank nie bestuur nie, en moes terugvlieg Amerika toe om sy lisensie te gaan hernu. In Amerika kan jy blykbaar tot op 70 jou lisensie op die internet doen, maar daarna moet jy persoonlik gaan om dit te hernu. Nou ja, hulle is beide in die 70, maar is vuur en vlam om Afrika, en die wêreld, te deurkruis. So ontmoet ons baie mense, elkeen met sy eie storie.

Die enigste persoon wat nie bang was om te kom kuier nie, was Anzell. Of miskien het sy seker net

jammer gevoel vir ons. Ons het haar by die lughawe gaan optel en is toe daarvandaan Mocuba toe vir die waentjie, wat ons toe nie kon saambring nie. Ons het egter die geleentheid gehad om haar 21ste verjaardag te vier. Ja! Julle lees reg! Haar enigste wens daarvoor was om by die Malawi meer te gaan kuier en ons kon dit na 6 jaar laat gebeur. Dit was die eerste jaar sedert 2012 dat daar niemand anders op dieselfde tyd hier was nie. Ons het die paar dae saam baie geniet en het ook op 'n boot uitgegaan wat visarende voer. Dit was regtig 'n uitsonderlike ervaring. Die mans fluit vir die arende en dan kom hulle nader. Die hamerkoppe is skelm en wag ook vir die vis wat uitgegooi word.

Na sewentien jaar in Mosambiek word ek steeds soms aangenaam verras. Ons was in April in Pemba en het by die mark 'n draai gemaak. Behalwe vir eie aankope, moes daar ook vir ander mense uie gekoop word. Dit is nogal moeilik om met al die sakke te loop en nadat ek uie gekoop het het ek dit daar gelos om net om die draai ietsie anders te gaan kry. Met die terugkeer stop ek by dieselfde uie-verkoper en koop nog iets.

Uie was op daardie stadium vreeslik duur. Amper R30 'n kilo. Toe ons die volgende dag by die huis kom en alles uitpak, besef ek die 3 kg uie het net daar by die mark agter gebly. Toe ons vir Anzell terugneem lughawe toe in Julie, is die nodige aankope weer by die mark gedoen. Ek noem die feit van die vergete uie aan die jongman by die stalletjie. Die outjie wat die dag gewerk het sê, ja dit is so. Die eienaar sê jy moes net kom sê het. Ek sê toe dat ek dit eers die volgende dag by die huis agter gekom het. Gee daar 3kg uie, gee hy opdrag aan sy werker. Gereedskap is 'n baie handige ding. En as dit werk is dit nog meer handig. Hier waar ons so ver van alles is is dit nogal 'n krisis as iets breek.

So het André nou al 'n redelike versameling van goed wat stukkend is (twee banksae, twee sirkelsae en 'n skuurder), maar nie kan reggemaak word nie. Of nie deur hóm reggemaak kan word nie, want daar is niemand anders om dit te kan doen nie. Baie dankie vir hulle wat dit moontlik gemaak het dat hy 'n sirkelsaag vinnig in die hande kon kry. Dit was nogal 'n probleem sonder een, aangesien hy op daardie stadium besig was om 'n nuwe hok vir die skape en bokke te bou.



Baie dankie ook aan die span wat Mocuba besoek het en wat op pad noord 'n as vir die waentjie opgelaai het by iemand wat dit geskenk het. Hulle kon die as in Mocuba los, waar ons dit op pad suid aan die end van die jaar sal kry en die waentjie sal regmaak vir die reis verder. Iemand wat nog nie in plattelandse Afrika gereis het nie, sal nie die logistiese nagmerrie verstaan wat mens in die gesig staar nie. Die aansoek vir die kleuterskool wat ons in Maart maand reeds ingehandig het en by 'n paar kantore aangedoen het, is nou eers gekrap. Ons het na al die lang wag besluit om die direkteur van gesondheid self te gaan sien en kom toe daar agter dat die bewoording in die brief hulle heeltemal uitgeboul het.



In plaas daarvan om mens te roep om te verduidelik het hulle net onder mekaar gegis oor wat nou eintlik die objektief is. Ons kon met die besoek die direkteur tesame met die direkteur van sosiale sake sien. Hulle het iemand in Pemba gebel en sy het verduidelik hoe dit moet werk. Hulle het gesê hulle sal die wetlike aspekte van kleuterskole probeer in die hande kry en dit vir ons gee sodat ons kan sien wat alles nodig is.

Dit was egter nie iets wat ons kon bybring nie, aangesien dit lys was vir kleuterskole as besigheid. Ons het weereens aan hulle verduidelik dat ons objektief nie is om geld te maak nie, maar om die gemeenskap te help en dat die lys van goed wat hulle verwag iets is vir 'n skool wat geldmaak as objektief het. André het weer met die vrou in Pemba gekontak en vir haar

verduidelik en sy het gesê wat hy moet doen en sy sou met die direkteur van gesondheid gesels.

Die hersiene versoek word nou weer ingedien en ons het die direkteur gevra om ons te help dat die proses nie weer so sloer nie. Hy is baie positief en opgewonde oor so 'n projek. Ons wil graag die 3de September begin wanneer die skole na die vakansie open. Serafina en Martins het die 1 Augustus hierheen getrek en baie mense is reeds bewus van die rede hoekom hulle hier is. Baie vrouens het haar al by die waterpomp gekry en gesê hulle moet gou maak met die skool om hulle kinders te leer. Ons vra dat julle hierdie sake in gebed sal hou asseblief.

#### **Gebedsversoeke:**

- Finale goedkeuring van kleuterskool
- Bid saam vir die troue en ook hulle huwelik
- Bid saam vir die logistiek van mense vervoer na Mute vir die troue

#### **Danksegging:**

- Vir die Chimetas wat nou hier is
- Vir die direkteur van gesondheid se houding tov die kleuterskool
- Vir volgehoue vrede in ons area Kontak en ander inligting

#### **Andre & Anna-Marie Thiart, Quionga, Mozambique**

**Epos:** thiartaa@gmail.com

**Facebook:** Makwe Mission -

<http://www.facebook.com/#!/MakweMission>

**Webblad:** www.gcx.org/Makwe\_Mission

#### **Celnr Moz:**

+258 86 68 42 675

+258 84 228 9038

#### **Skype:** andre-thiart

#### **Celnr SA:**

+78 348 1914 + Whatsapp

+73 909 5288 +Whatsapp

#### **Finansies:**

Elsabe Welman (emwelman@mweb.co.za)

Bank besonderhede: Thiart Sendingpos, Absa

Bank – 632005, 9068791513

Sny die reghoek hier onder uit. Kleur die hardloopskoen in. Sny rondom die skoen op die stippellyn (Nie onder nie) Vou die skoen op aan die onderkant. Sit die skoen iewers neer om jou te herinner dat Satan weghardloop as jy jou onderwerp aan God.

Die Bybel sê vir ons God is baie sterker as Satan.

Hier is hoe God jou sal laat wen oor Satan se versoekings!

- ▶ Laat Jesus baas wees van jou lewe (Onderwerp)
- ▶ Lees en Gehoorsaam die Bybel (Onderwerp)
- ▶ Bid en vra God om jou te help NEE sê vir Satan. (Staan teë)




Onderwerp julle dan aan God.  
Staan die duivel teë en hy sal van julle af wegvlug

**Jakobus 4:7**

# LEESROOSTER FOKUSTEKS: MARK 7:1-23

Lourensrivier Gemeente



EclipseCrossword.com

## DWARS

2. Jesus se volgelinge
3. Die volk eer God daarmee
5. Eet volgens dié gebruik van voorgeslagte
7. Hy het die kliptafels stukkend gegooi
8. 'n Offergawe vir God
11. Profeet
12. Skynheiliges
14. Die dissipels vra Jesus daaroor uit

## AF

1. God se riglyne
4. Dit wat van binne die mens kom
6. Moet hulle nie vloek nie
9. Eet met onreines
10. Jesus het dit rein verklaar
13. Slegte gedagtes kom daaruit

# We are Helderberg

---

We are the leaves rustling in ancient Milkwoods.  
We are the fresh breath of the ocean air.  
We are the art and sculptures in our local galleries.  
We are organic farmers markets with family and friends.  
We are fine wines and cuisine from our most exclusive wine estates.

---



Lets' get in touch and discuss how we can help you with your property requirements.

**Edelweiss Hankey** 083 252 1964 / [edelweiss.hankey@pamgolding.co.za](mailto:edelweiss.hankey@pamgolding.co.za)

**Burger van Dyk** 084 540 4543 / [burger.vandyk@pamgolding.co.za](mailto:burger.vandyk@pamgolding.co.za)



[pamgolding.co.za](http://pamgolding.co.za)

